NG KERK PETRUSBURG

Deur God se genade
'n biddende gemeente,
wat mekaar in liefde dien en
uitreik na die wêreld.

Leraar: Ds.Jaco Thom ✆ 084 523 1157 ✉ jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Skriba: Madette Lombaard ✆ 053 574 0279 ✉ ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom ✆ 084 562 3434 ✉ elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen ✆ 072 499 4262 ✉ annamarie.dercksen@yahoo.com
www.ngkerkpetrusburg.co.za NG Kerk Petrusburg

24 Julie 2020

Erediens Sondag

Skriflesing: Genesis 28:10-22

Die verhaal van Jakob wat in 'n droom 'n leer sien wat tot in die hemel reik.

Tema: God is oral

LW: Jy kan by die erediens inskakel op ons webwerf, of kontak Jaco om jou op die WhatsApp-groep te sit waar die skakel na die erediens (en die hoofstuk van die dag) gereeld gelaai word.

Kollektes, Deurkollektes en Dankoffers

Die Sinode verwag steeds dat die deurkollektes ingesamel word, ons sal ook weekliks vir u herinner vir wie die betrokke Sondag se deurkollekte ingesamel word. U is ook welkom om dan die bankkollekte en Dankoffers asseblief elektronies oor te betaal.

Onthou om asseblief met die oorbetalings verwysings by te sit soos volg:
Dankoffer + Voorletters en Van
Bankkollekte of Deurkollekte.
(Dit is nie nodig om 'n naam by te sit met inbetaling van bankkollekte of deurkollekte nie)

Deuroffers die Sondag 26 Julie – Middestad- en Arbeidsbediening

VERJAARSDAE

Seënwense vir almal wat die komende week verjaar.
Mag dit 'n besonderse jaar vir elkeen van julle wees:

Julie

26 Annamarie Dercksen
26 Marietjie Steenkamp
28 **Cillieria Delport (85j)**
28 Magda Van Wyk
29 Monique Nienaber
30 Ronel De Wet
31 Jakkie Lombaard
31 Bianca Meades
31 Simone Venter

Stefan en Janine Bester baie, baie geluk met julle pragtige klein dogtertjie Arné se geboorte Maandag 20 Julie.
Mag sy vir julle en die familie baie vreugde en liefde bring!

Gebedsversoeke

Dit gaan beter met Lina Oberholzer. Sy is nou op nuwe medikasie. Bid asb dat die nuwe medikasie op die lang duur vir haar goed sal wees..

Het jy geweet dat Lig ons eie NG Kerk se tydskrif is?

~~~~~~~~

Laat ons asb. weet van lief en leed sodat ons dit met die gemeente kan deel.

NB: Indien jy weet van iemand wat nie toegang het tot ons digitale uitsending nie, kontak Jaco Thom asb, sodat ons 'n plan kan maak.
~~~~~~~~